Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA — REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local 45c Plaaslik
Other countries 60c Buitelands
Post free • Posvry

**Regulation Gazette**
**Regulasiekoerant**
**No. 4013**

Registered at the Post Office as a Newspaper
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 256 — PRETORIA, 24 OCTOBER / OKTOBER 1986 — No. 10499

## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

**No. R. 2206** **24 October 1986**

REGULATIONS IN TERMS OF THE BIRTHS, MARRIAGES AND DEATHS REGISTRATION ACT, 1963 (ACT 81 OF 1963)

The Minister of Home Affairs has, in terms of section 50 of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963), made the regulations as set out in the Schedule hereto.

## SCHEDULE

### DIVISION OF REGULATIONS


| *Subject* | *Regulation* |
|---|---|
| Definitions | 1 |
| Powers and duties of the Director-General, registrars and assistant registrars | 2, 3, 4, 5 and 6 |
| Notice or return of births, still-births and deaths | 7 |
| Notification of births, still-births and deaths | 8, 9, 10 and 11 |
| Registration of births, still-births and deaths | 12, 13 and 14 |
| Late registration of births and deaths | 15 |
| Inquests or other enquiries held into the death of persons | 16 |
| Weekly returns of births, still-births and deaths that occurred in hospitals, maternity homes, nursing homes and similar institutions | 17 |
| Burial register | 18 |
| Completion of forms, registers and certificates | 19 and 20 |
| Supplementations, amendments and corrections of certificates and registers | 21 |
| Returns received in terms of section 189 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951) | 22 |
| Burial orders and removal orders | 23 |
| Completion of marriage registers | 24 |
| Certificates concerning still-births and deaths | 25 |
| Issuing of certificates | 26 |
| Withdrawal of previous regulations | 27 |


## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

**No. R. 2206** **24 Oktober 1986**

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP DIE REGISTRASIE VAN GEBOORTES, HUWELIKE EN STERFGEVALLE, 1963 (WET 81 VAN 1963)

Die Minister van Binnelandse Sake het kragtens artikel 50 van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

## BYLAE

### INDELING VAN REGULASIES


| *Onderwerp* | *Regulasie* |
|---|---|
| Woordomskrywing | 1 |
| Bevoegdhede en pligte van die Direkteur-generaal, registrateurs en assistent-registrateurs | 2, 3, 4, 5 en 6 |
| Kennisgewing of opgawe van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle | 7 |
| Aanmelding van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle | 8, 9, 10 en 11 |
| Registrasie van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle | 12, 13 en 14 |
| Laatregistrasie van geboortes en sterfgevalle | 15 |
| Geregtelike doodsondersoeke of ander ondersoeke gehou na die dood van persone | 16 |
| Weeklikse opgawes van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle wat in hospitale, kraam- of verpleeginrigtings en soortgelyke inrigtings plaasgevind het | 17 |
| Begrafnisregister | 18 |
| Invul van vorms, registers en sertifikate | 19 en 20 |
| Aanvullings, wysigings en verbeterings op sertifikate en registers | 21 |
| Opgawes ontvang uit hoofde van artikel 189 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951) | 22 |
| Begrafnis- en verwyderingsorders | 23 |
| Invul van huweliksregisters | 24 |
| Sertifikate aangaande doodgeboortes en sterfgevalle | 25 |
| Uitreiking van sertifikate | 26 |
| Herroeping van vorige regulasies | 27 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



***Definitions***

1. (1) In these regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall, unless the context otherwise indicates, have that meaning; and

(a) "district representative" shall mean a person appointed as a district representative in terms of section 21 (1) (b) of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986);

(b) "identity document" shall mean an identity document as contemplated in section 8 of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986);

(c) "informant" shall mean, with regard to any information regarding a birth, still-birth or death, a person who under section 12, 17, 19, 20 or 22 of the Act or section 189 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), has been entrusted with a duty to furnish such information;

(d) "marriage officer" shall mean a marriage officer as defined in section 1 of the Marriage Act, 1961 (Act 25 of 1961);

(e) "population register" shall mean a population register referred to in section 1 of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986);

(f) "Procedure Manual for the Registration of Births, Marriages and Deaths" shall mean the Procedure Manual for the Registration of Births, Marriages and Deaths issued by the Director-General in terms of regulation 2 (f) of these regulations;

(g) "register" shall mean the form prescribed by the Director-General in terms of regulation 2 (d) for the furnishing of information regarding a birth, still-birth, marriage or death; and

(h) "the Act" shall mean the Registration of Births, Marriages and Deaths Act, 1963 (Act 81 of 1963).

(2) Unless the context otherwise indicates, a reference in these regulations—

(a) to a section by a specific number, shall be interpreted as a reference to the section of that number in the Act;

(b) to a prescribed form, shall be interpreted as a reference to the form prescribed by the Director-General in terms of regulation 2 (d).

***Powers and duties of the Director-General, registrars and assistant registrars***

2. Subject to the provisions of the Act, the Director-General is authorized or obliged, as the case may be—

(a) to take charge of and preserve all books, forms, notices, returns, registers and other documents of which he is the custodian or which are required to be rendered to him in terms of the Act or these regulations;

(b) to examine and to correct, amend or supplement in terms of these regulations any form, register, return or documentary proof, or to direct that it be corrected, amended or supplemented, and to call for any documentary proof which he may deem necessary;

(c) to receive and examine claims by justices of the peace and other persons entitled to remuneration for the registration of births and deaths and to remunerate such persons according to the tariff laid down in consultation with the Director-General of Finance;

***Woordomskrywing***

1. (1) In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(a) "aangewer", met betrekking tot enige inligting aangaande 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval, 'n persoon wat by artikel 12, 17, 19, 20 of 22 van die Wet of artikel 189 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), 'n plig opgelê word om sodanige inligting te verstrek;

(b) "bevolkingsregister" 'n bevolkingsregister bedoel in artikel 1 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986);

(c) "die Wet" die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963);

(d) "distriksverteenwoordiger" 'n persoon wat kragtens artikel 21 (1) (b) van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986), as distriksverteenwoordiger aangestel is;

(e) "huweliksbevestiger" 'n huweliksbevestiger soos omskryf in artikel 1 van die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961);

(f) "identiteitsdokument" 'n identiteitsdokument soos beoog in artikel 8 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986);

(g) "Prosedurehandleiding vir die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle" die Prosedurehandleiding vir die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle deur die Direkteur-generaal ingevolge regulasie 2 (f) van hierdie regulasies uitgereik; en

(h) "register" die vorm ingevolge regulasie 2 (d) deur die Direkteur-generaal voorgeskryf vir die verstrekking van inligting aangaande 'n geboorte, doodgeboorte, huwelik of sterfgeval.

(2) Tensy uit die samehang anders blyk, word 'n verwysing in hierdie regulasies—

(a) na 'n artikel met 'n bepaalde nommer, uitgelê as 'n verwysing na die artikel met daardie nommer in die Wet;

(b) na 'n voorgeskrewe vorm, uitgelê as 'n verwysing na die vorm wat deur die Direkteur-generaal ingevolge regulasie 2 (d) voorgeskryf is.

***Bevoegdhede en pligte van die Direkteur-generaal, registrateurs en assistent-registrateurs***

2. Behoudens die bepalings van die Wet is die Direkteur-generaal bevoeg of verplig, na gelang van die geval—

(a) om alle boeke, vorms, kennisgewings, opgawes, registers en ander dokumente waarvan hy die bewaarder is of wat ingevolge die bepalings van die Wet of hierdie regulasies aan hom gelewer moet word, in bewaring te neem en in 'n goeie toestand te hou;

(b) om enige vorm, register, opgawe of dokumentêre bewys na te sien en ooreenkomstig hierdie regulasies te verbeter, te verander of aan te vul, of om te gelas dat dit verbeter, verander of aangevul word en om enige dokumentêre bewys wat hy nodig ag, op te vra;

(c) om eise van vrederegters en ander persone wat geregtig is op vergoeding vir die registrasie van geboortes en sterfgevalle, in ontvangs te neem, na te sien en genoemde persone ooreenkomstig die tarief wat in oorleg met die Direkteur-generaal van Finansies bepaal is, te vergoed;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(d) to prescribe forms and registers which are required to be used with regard to the registration of births, still-births, marriages and deaths and to keep such forms and registers in stock with a view to supplying such forms and registers to registrars and marriage officers on demand: Provided that such forms or registers shall be used only for the implementation of the provisions of the Act and that the Minister may at any time set conditions under which such forms and registers may be made available;

(e) to control and superintend the registration of births, still-births, marriages and deaths; and

(f) to issue directions required for the effective implementation of the provisions of the Act and these regulations.

3. Subject to the provisions of the Act, a registrar is authorized or obliged, as the case may be—

(a) to supply the required prescribed forms to informants and, where necessary, to help them to complete the forms;

(b) to receive from informants, assistant registrars, justices of the peace and police officers in his district or area completed registers accompanied by declarations, if prescribed, and to verify the information furnished therein and to cause any deficiencies or inaccuracies appearing therein to be supplied or corrected;

(c) to deliver to the informant by hand or by mail in respect of each birth registered by him a proof of registration on the prescribed form: Provided that where notification of a birth has been given at the office of a regional representative or district representative of the Department of Home Affairs and the particulars of the parents in the birth register have been compared with those in the population register and found to be correct and the particulars of that registration of birth have been recorded in the population register, a certificate of particulars of birth referred to in section 7 of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986), may be issued instead of the proof of registration;

(d) to issue in respect of the registration of a death or still-birth a death certificate on the prescribed form and to hand it to the informant and, if the deceased's identity document is available, to cancel that identity document and to dispose thereof in terms of section 16 of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986);

(e) to supply assistant registrars, justices of the peace, police officers, medical practitioners and midwives in his district or area with all prescribed forms and documents required by them;

(f) to receive and forward to the regional representative or district representative of Home Affairs in whose area such registrar's office is situated, any applications made in terms of the Act or these regulations;

(g) to superintend and control, subject to the provisions of the Act and these regulations and the directions embodied in the Procedure Manual for the Registration of Births, Marriages and Deaths, the registration of births, still-births and deaths in his district or area, and all officers in his district in so far as they are engaged in implementing the provisions of the Act, these regulations and the aforementioned procedure manual;

(d) om vorms en registers wat in verband met die registrasie van geboortes, doodgeboortes, huwelike en sterfgevalle gebruik moet word, voor te skryf en in voorraad te hou met die oog daarop om sodanige vorms en registers op aanvraag aan registrateurs en huweliksbevestigers te verskaf: Met dien verstande dat sodanige vorms of registers slegs vir die uitvoering van die bepalings van die Wet aangewend mag word en dat die Minister te eniger tyd voorwaardes kan stel waaronder sodanige vorms en registers beskikbaar gestel mag word;

(e) om beheer uit te oefen en toesig te hou oor die registrasie van geboortes, doodgeboortes, huwelike en sterfgevalle; en

(f) om voorskrifte wat nodig is vir die doeltreffende uitvoering van die bepalings van die Wet en hierdie regulasies, uit te reik.

3. Behoudens die bepalings van die Wet is 'n registrateur bevoeg of verplig, na gelang van die geval—

(a) om die nodige voorgeskrewe vorms aan aangewers te verskaf en hulle, waar nodig, behulpsaam te wees met die invul daarvan;

(b) om ingevulde registers, vergesel van verklarings indien voorgeskryf, van aangewers, assistent-registrateurs, vrederegters en polisiebeamptes in sy distrik of gebied, in ontvangs te neem en die inligting daarin verstrek te verifieer en enige gebreke of onjuisthede wat daarin voorkom, te laat aanvul of te laat regstel;

(c) om ten opsigte van elke geboorte wat deur hom geregistreer word, 'n bewys van registrasie op die voorgeskrewe vorm aan die aangewer te oorhandig of te pos: Met dien verstande dat waar 'n geboorte by die kantoor van 'n streek- of distriksverteenwoordiger van die Departement van Binnelandse Sake aangemeld is en die ouers se besonderhede in die geboorteregister met dié in die bevolkingsregister vergelyk en korrek bevind is en die besonderhede van daardie geboorteregistrasie in die bevolkingsregister aangeteken is, 'n sertifikaat van geboortebesonderhede bedoel in artikel 7 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986), in die plek van die bewys van registrasie uitgereik kan word;

(d) om ten opsigte van die registrasie van 'n sterfgeval of doodgeboorte 'n sterftesertifikaat op die voorgeskrewe vorm uit te reik en aan die aangewer te oorhandig en, indien die oorledene se identiteitsdokument beskikbaar is, om ingevolge die bepalings van artikel 16 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986), daardie identiteitsdokument te kanselleer en daaroor te beskik;

(e) om assistent-registrateurs, vrederegters, polisiebeamptes, mediese praktisyns en vroedvroue in sy distrik of gebied te voorsien van alle voorgeskrewe vorms en ander dokumente wat hulle nodig het;

(f) om enige aansoeke wat kragtens die Wet of hierdie regulasies ingedien word, te ontvang en deur te stuur aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sodanige registrateur se kantoor geleë is;

(g) om behoudens die bepalings van die Wet en hierdie regulasies en die voorskrifte vervat in die Prosedurehandleiding vir die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, toesig te hou en beheer uit te oefen oor die registrasie van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle in sy distrik of gebied en oor alle beamptes in sy distrik of gebied vir sover hulle betrokke is by die toepassing van die bepalings van die Wet, hierdie regulasies en voornoemde prosedurehandleiding;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(h) to keep a list of all assistant registrars in his district or area and to advise the official responsible for the appointment of assistant registrars of all changes in staff;

(i) to forward by certified or registered mail to the regional representative or district representative of Home Affairs in whose area such registrar's office is situated on the last working day of each week all registers received by him together with all certificates and other documents pertaining thereto;

(j) to keep safe and preserve all forms, birth certificates, death certificates and proofs of registration of a birth kept in stock by him and all completed registers and other documents in his possession; and

(k) to keep in respect of every justice of the peace or other person who is entitled to remuneration for births, still-births and deaths registered by him, a record of the registers received from such justice of the peace or other person, to enter particulars of claims received from such justice of the peace and other person in such record and to verify and forward such claims to the regional officer or district officer of Home Affairs in whose area such registrar's office is situated.

4. Subject to the provisions of the Act an assistant registrar is authorized or obliged, as the case may be—

(a) to supply the required prescribed forms to informants and, where necessary, to help them to complete the forms;

(b) to receive from informants, justices of the peace and police officers completed registers, accompanied by declarations, if prescribed, and to verify the information furnished therein and to cause any deficiencies or inaccuracies appearing therein to be supplied or corrected;

(c) to keep safe and preserve all forms supplied to him and all completed registers and other documents in his possession;

(d) to receive and forward to the nearest regional representative or district representative of Home Affairs any applications made in terms of the Act or these regulations;

(e) to forward to the registrar of his district or area weekly by suitable postal or other means of communication, if any, or, if not, by any other available means, all completed registers together with any medical certificates and other documents relating thereto, for forwarding to the regional representative or district representative of Home Affairs in whose area such registrar's office is situated; and

(f) to cancel and dispose of an identity document of a deceased person in terms of section 16 of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986), if the said identity document is available.

***Special assistant registrars for deaths***

5. The Director-General may, in terms of section 3 (1), appoint as assistant registrar of deaths any representative or any member of an undertaker's business recognised by him, on the conditions laid down by him, to register deaths in the case of death due to natural causes, and the provisions of section 24 and the prescriptions of regulations 4 and 6 shall *mutatis mutandis* be applicable to such an assistant registrar.

(h) om 'n lys te hou van alle assistent-registrateurs in sy distrik of gebied en om die beampte wat verantwoordelik is vir die aanwys van assistent-registrateurs in kennis te stel van alle personeelveranderings;

(i) om op die laaste werksdag van elke week alle registers wat hy in ontvangs geneem het, tesame met alle sertifikate en ander dokumente wat daarop betrekking het, per gesertifiseerde of aangetekende pos te stuur aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sodanige registrateur se kantoor geleë is;

(j) om alle vorms, geboortesertifikate, sterftesertifikate en bewyse van registrasie van 'n geboorte wat hy in voorraad hou, en alle ingevulde registers en ander dokumente, terwyl hulle in sy besit is, in 'n veilige plek te bewaar en in 'n goeie toestand te hou; en

(k) om ten opsigte van elke vrederegter of ander persoon wat geregtig is op vergoeding vir geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle deur hom geregistreer, 'n rekord te hou van die registers wat van sodanige vrederegter of ander persoon ontvang word, om besonderhede van eise wat van sodanige vrederegter en ander persoon ontvang word, in die rekord aan te teken en om sodanige eise te verifieer en deur te stuur aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sodanige registrateur se kantoor geleë is.

4. Behoudens die bepalings van die Wet is 'n assistent-registrateur bevoeg of verplig, na gelang van die geval—

(a) om die nodige voorgeskrewe vorms aan aangewers te verskaf en hulle, waar nodig, behulpsaam te wees met die invul daarvan;

(b) om ingevulde registers, vergesel van verklarings indien voorgeskryf, van aangewers, vrederegters en polisiebeamptes in ontvangs te neem en die inligting daarin verstrek te verifieer en enige gebreke of onjuisthede wat daarin voorkom, te laat aanvul of te laat regstel;

(c) om alle vorms wat aan hom verskaf is en alle ingevulde registers en ander dokumente, terwyl hulle in sy besit is, in 'n veilige plek te bewaar en in 'n goeie toestand te hou;

(d) om enige aansoeke wat kragtens die Wet of hierdie regulasies ingedien word, te ontvang en aan die naaste streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake deur te stuur;

(e) om alle ingevulde registers, tesame met mediese sertifikate en ander dokumente wat daarop betrekking het, weekliks per geskikte pos- of ander verbindingsmiddel, as daar is, of as daar nie is nie, op enige ander beskikbare wyse aan die registrateur van sy distrik of gebied te stuur vir deursending aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sodanige registrateur se kantoor geleë is; en

(f) om, indien 'n oorledene se identiteitsdokument beskikbaar is, daardie identiteitsdokument ingevolge die bepalings van artikel 16 van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986), te kanselleer en daaroor te beskik.

***Spesiale assistent-registrateurs vir sterfgevalle***

5. Die Direkteur-generaal kan kragtens artikel 3 (1) 'n verteenwoordiger of 'n lid van 'n begrafnisonderneming deur hom erken, op die voorwaardes deur hom gestel, as assistent-registrateur van sterfgevalle aanstel om sterftes te registreer in die geval van dood weens natuurlike oorsake, en die bepalings van artikel 24 en die voorskrifte van regulasies 4 en 6 is *mutatis mutandis* op so 'n assistent-registrateur van toepassing.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



### General

6. (1) Every registrar and assistant registrar shall acquaint himself with the boundaries of the district or part of the district or area in respect of which he has been appointed or is acting and with the boundaries of all urban areas in such district or part of such district or area.

(2) Every registrar, assistant registrar and other person to whom duties are assigned by the Act or these regulations or the Procedure Manual for the Registration of Births, Marriages and Deaths, shall acquaint himself with every particular respecting his duties as set forth therein and shall further acquaint himself with the forms with which he is supplied and their prescribed uses.

(3) Every registrar, assistant registrar, justice of the peace and police officer, entrusted with functions under the Act or these regulations or the Procedure Manual for the Registration of Births, Marriages and Deaths, shall keep a supply of such prescribed forms and documents as may be required for the performance of such functions.

(4) The particulars of all registers received by a regional representative or district representative of Home Affairs shall, if such regional representative or district representative has at his disposal the necessary facilities, be recorded in the population register and first-mentioned registers shall be forwarded to the Director-General on a daily basis.

### Notice or return of births, still-births and deaths

7. (1) The prescribed notice or return which shall be given or rendered in terms of the various provisions of the Act in respect of a birth, a still-birth or death in the Republic and in respect of the birth or death of a South African citizen outside the Republic and the death outside the Republic of any other person ordinarily resident in the Republic, shall be furnished on the prescribed forms, and the prescribed information and particulars to be furnished in respect of a birth, still-birth or death shall be as contained in the prescribed forms.

(2) In the case of a birth or death outside the Republic the informant shall submit a birth or death certificate, as the case may be, issued by the authorities of the country where the event occurred, together with the relevant prescribed form.

### Notification of births, still-births and deaths

8. (1) The prescribed information concerning any birth, still-birth or death shall, subject to the provisions of subregulations (2) and (3), be given by the informant verbally or in writing to the registrar or assistant registrar if such birth, still-birth or death occurred within an urban area, or to the registrar, assistant registrar, a justice of the peace or a police officer if such birth, still-birth or death did not occur in an urban area.

(2) The notification concerning a birth referred to in subregulation (1) shall, subject to the proviso of section 19 (1), according to circumstances, be made to the registrar or assistant registrar of or a justice of the peace or a police officer in the area in which the birth occurred.

(3) The notification concerning a still-birth or death due to natural causes may, where it is deemed necessary in order to obviate delay or inconvenience, be made to any police office in charge of a police-station or in charge of a charge

### Algemeen

6. (1) Elke registrateur en assistent-registrateur moet hom vertroud maak met die grense van die distrik of gedeelte van die distrik of gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is of optree, en van die grense van alle stadsgebiede in sodanige distrik of gedeelte van sodanige distrik of gebied.

(2) Elke registrateur, assistent-registrateur en ander persoon aan wie pligte by die Wet of hierdie regulasies of die Prosedurehandleiding vir die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle opgedra is, moet hom vertroud maak met elke besonderheid ten opsigte van sy pligte soos daarin uiteengesit en hy moet hom ook op die hoogte stel van die vorms waarvan hy voorsien word en die voorgeskrewe gebruik daarvan.

(3) Elke registrateur, assistent-registrateur, vrederegter en polisiebeampte aan wie funksies kragtens die Wet of hierdie regulasies of die Prosedurehandleiding vir die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle opgedra is, moet sorg dat hy 'n voorraad het van die voorgeskrewe vorms en dokumente wat nodig is vir die uitvoering van sodanige funksies.

(4) Die besonderhede van alle registers ontvang deur 'n streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake moet, indien so 'n streek- of distriksverteenwoordiger oor die nodige fasiliteite beskik, in die bevolkingsregister aangeteken word en eersgenoemde registers moet op 'n daaglikse basis aan die Direkteur-generaal gestuur word.

### Kennisgewing of opgawe van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle

7. (1) Die voorgeskrewe kennisgewing of opgawe wat ingevolge die verskillende bepalings van die Wet gegee of gedoen moet word ten opsigte van 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval in die Republiek en ten opsigte van die geboorte of afsterwe buite die Republiek van 'n Suid-Afrikaanse burger en die afsterwe buite die Republiek van 'n ander persoon wat gewoonlik in die Republiek woon, moet verstrek word op die voorgeskrewe vorms, en die voorgeskrewe inligting en besonderhede wat ten opsigte van 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval verstrek moet word, is dié wat in die voorgeskrewe vorms vervat is.

(2) In die geval van 'n geboorte of sterfgeval buite die Republiek, moet die aangewer 'n geboorte- of sterftesertifikaat na gelang van die geval, uitgereik deur die owerheid van die land waar sodanige gebeurtenis plaasgevind het, saam met die toepaslike voorgeskrewe vorm indien.

### Aanmelding van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle

8. (1) Die voorgeskrewe inligting aangaande enige geboorte, doodgeboorte of sterfgeval moet, behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), by wyse van mondelinge of skriftelike mededeling deur die aangewer aan die registrateur of assistent-registrateur verstrek word indien sodanige geboorte, doodgeboorte of sterfgeval binne 'n stadsgebied plaasgevind het, of aan die registrateur, assistent-registrateur, 'n vrederegter of 'n polisiebeampte, indien sodanige geboorte, doodgeboorte of sterfgeval nie in 'n stadsgebied plaasgevind het nie.

(2) Die mededeling ten opsigte van 'n geboorte bedoel in subregulasie (1) moet, behoudens die voorbehoudsbepaling van artikel 19 (1), na gelang van die geval, gedoen word aan die registrateur of assistent-registrateur van òf 'n vrederegter òf polisiebeampte in die gebied waarin die geboorte plaasgevind het.

(3) Die mededeling ten opsigte van 'n doodgeboorte of sterfte in die geval van natuurlike oorsake kan, waar dit nodig geag word ten einde oponthoud of ongerief te vermy, gedoen word aan enige polisiebeampte in bevel van 'n polisiekantoor of in bevel van 'n aanklagkantoor, wat sodanige

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



office, who shall forward such notification on the relevant duly completed prescribed form by hand or by mail to the registrar in whose area that still-birth or death occurred: Provided that such a police officer shall by the direction or with the consent of a police officer referred to in section 29 (2) be able to issue a removal order referred to in section 29 (1).

9. (1) All the particulars concerning a birth, still-birth or death on the relevant prescribed form shall, as far as possible be furnished by the informant.

(2) Subject to the provisions of section 10, the relevant particulars shall also be furnished in the case of the still-birth or death of an illegitimate child.

(3) At the notification concerning a birth referred to in regulation 8 (1)—

(a) the full names of the child shall, subject to the provisions of section 9 (3), be recorded on the prescribed form; and

(b) the surname of the father shall, subject to the provisions of section 10, be assigned to the child on the prescribed form.

10. If a woman be delivered of more than one child at a single confinement, the information concerning the birth of each child shall appear on a separate register and the exact time or hour (if known) of each birth shall be recorded on such register.

11. If a child is born alive, but dies soon after birth, both a birth register and a death register shall be completed and both events shall be registered in the prescribed manner.

***Registration of births, still-births and deaths***

12. Subject to the provisions of regulation 8 every birth, still-birth or death shall be registered in the district or area in which it occurs.

13. (1) If a birth, still-birth or death has been registered twice, the registrar concerned shall, if the relevant registers are still in his possession, compare the two registers and cancel whichever is found to be incorrect, or the second one if the registers are identical and attach the two registers to each other.

(2) If a duplicate registration is discovered after the relevant registers have been forwarded to the Director-General he shall direct which register shall be cancelled.

14. (1) (a) If the birth of a person has been registered as illegitimate and application is made for the reregistration of the birth in terms of section 11, the Director-General may call for such proof in regard to the birth as he may deem necessary.

(b) The Director-General shall, if satisfied with the evidence produced and subject to the provisions of said section, order that the original register be cancelled and that the birth be registered in accordance with the provisions of the section mentioned.

(c) No reference whatsoever to the previous registration shall be made on a new register.

(2) If the birth of a person has been registered as illegitimate under his mother's surname, the Director-General may, subject to the provisions of section 8A (1A), amend the birth register of such person by recording the particulars of the father in the birth register.

mededeling op die toepaslike, behoorlik ingevulde, voorgeskrewe vorm per hand of per pos moet aanstuur aan die registrateur in wie se gebied daardie doodgeboorte of sterfte plaasgevind het: Met dien verstande dat so 'n polisiebeampte in opdrag van of met die toestemming van 'n polisiebeampte bedoel in artikel 29 (2) 'n ingevolge artikel 29 (1) bedoelde verwyderingsorder in so 'n geval kan uitreik.

9. (1) Al die besonderhede aangaande 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval op die toepaslike voorgeskrewe vorm moet, sover moontlik, deur die aangewer verstrek word.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 10 moet die toepaslike besonderhede insgelyks verstrek word in die geval van die geboorte of doodgeboorte van 'n buite-egtelike kind.

(3) By die mededeling ten opsigte van 'n geboorte bedoel in regulasie 8 (1) moet—

(a) behoudens die bepalings van artikel 9 (3), die volle name van die kind op die voorgeskrewe vorm aangeteken word; en

(b) behoudens die bepalings van artikel 10, die vader se van aan die kind toegeken word op die voorgeskrewe vorm.

10. Indien 'n vrou by 'n enkele bevalling aan meer as een kind geboorte skenk, moet die inligting aangaande die geboorte van elke kind op 'n aparte register aangegee word en die juiste tyd of uur (indien bekend) van elke geboorte op sodanige register aangeteken word.

11. Indien 'n kind lewend gebore word, maar kort na geboorte sterf, moet 'n geboorteregister sowel as 'n sterfteregister ingevul word en moet albei gebeurtenisse op die voorgeskrewe manier geregistreer word.

***Registrasie van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle***

12. Behoudens die bepalings van regulasie 8 moet elke geboorte, doodgeboorte of sterfgeval geregistreer word in die distrik of gebied waarin dit plaasvind.

13. (1) Indien 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval twee keer geregistreer is, moet die betrokke registrateur, as die toepaslike registers nog in sy besit is, die twee registers vergelyk en die een wat foutief is, of die tweede een indien hulle presies dieselfde is, kanselleer en die twee registers aanmekaarheg.

(2) As 'n duplikaatregistrasie ontdek word nadat die betrokke registers aan die Direkteur-generaal versend is, moet hy aandui watter register gekanselleer moet word.

14. (1) (a) As die geboorte van 'n persoon as buite-egtelik geregistreer is en aansoek om die herregistrasie van die geboorte kragtens artikel 11 gedoen word, kan die Direkteur-generaal om sodanige bewys in verband met die geboorte vra as wat hy nodig ag.

(b) Indien die Direkteur-generaal tevrede is met die voorgelegde bewys moet hy, behoudens die bepalings van genoemde artikel, gelas dat die oorspronklike register gekanselleer en dat die geboorte ooreenkomstig die bepalings van daardie artikel geregistreer word.

(c) Geen verwysing hoegenaamd na die vorige registrasie mag op die nuwe register aangebring word nie.

(2) As die geboorte van 'n persoon as buite-egtelik onder sy moeder se van geregistreer is, kan die Direkteur-generaal, behoudens die bepalings van artikel 8A (1A), die geboorteregister van sodanige persoon wysig deur die besonderhede van die vader in die geboorteregister aan te teken.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



***Late registration of births and deaths***

15. (1) When application is made for the late registration of a person's birth in terms of section 7, the provisions of regulation 9 (3) shall be applicable, and where that person is one year of age or older the Director-General may request that the fingerprints of such person and his parents be taken for inclusion in the population register in terms of the Identification Act (Act 72 of 1986).

(2) The Director-General may in terms of section 7, after submission of such proof and after such enquiry as he may deem necessary, direct the late registration of a death.

***Inquests or other enquiries as to the death of persons***

16. (1) The particulars with which a registrar or assistant registrar is to be furnished by a person, a clerk of the court or a registrar referred to in section 13, are the particulars as set out on the prescribed form and the following additional particulars:

(a) In the case of a death from natural causes, the nature of the disease so far as has been ascertained and, if a medical practitioner was a witness to the inquest, enquiry or summary trial concerned, as described by such medical practitioner.

(b) In the case of death from unnatural causes—

(i) if possible, whether the inquiry causing death was inflicted homicidally, suicidally or accidentally;

(ii) the nature of the injury; and

(iii) the means whereby or instrument with which the injury was inflicted and the special circumstances, if any, under which it was sustained (e.g. whether death was caused by machinery or whether it resulted from an accident involving a motor vehicle, or if death was due to burns or scalds, the circumstances and manner in which such burns or scalds were sustained, or if death was due to poisoning, the name of the poison, or if death was due to drowning, under what circumstances); and

(iv) if the body of the person has not been recovered, the words "Body not recovered".

(2) Any police officer referred to in section 13A (1) shall as soon as possible complete in triplicate the provisional particulars on the prescribed form in respect of a person who has presumably died from other causes than natural causes and keep one completed form with his records and forward the other two to the magistrate of the district in which the death occurred.

(3) On receipt of the completed forms referred to in subregulation (2) and subject to the provisions of section 13A (2) the magistrate shall direct the district surgeon or other medical practitioner to enquire into the cause of death, and to record the causes of death as determined by the district surgeon or other medical practitioner on the certificate section of those forms which provide therefor, and shall keep one such completed form with his records and hand the other either to a person who is under the Act obliged to give notice concerning the death or to the undertaker or other person who is to bury the body.

(4) The person or undertaker referred to in subregulation (3) shall forward to the registrar or assistant registrar of the area where the death occurred the completed form handed to him by the magistrate.

***Laatregistrasie van geboortes en sterfgevalle***

15. (1) Wanneer aansoek gedoen word om die laatregistrasie van 'n persoon se geboorte ingevolge artikel 7, is die bepalings van regulasie 9 (3) van toepassing, en waar daardie persoon een jaar of ouer is, kan die Direkteur-generaal versoek dat die vingerafdrukke van daardie persoon en sy ouers geneem word vir opname in die bevolkingsregister ingevolge die bepalings van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986).

(2) Die Direkteur-generaal kan kragtens artikel 7 na voorlegging van sodanige bewys en na sodanige ondersoek as wat hy nodig ag, die laatregistrasie van 'n sterfgeval gelas.

***Geregtelike doodsondersoeke of ander ondersoeke gehou na die dood van persone***

16. (1) Die besonderhede wat deur 'n persoon, 'n klerk van die hof of 'n griffier bedoel in artikel 13, aan 'n registrateur of assistent-registrateur verstrek moet word, is die besonderhede soos uiteengesit op die voorgeskrewe vorm en die volgende bykomende besonderhede:

(a) In die geval van dood weens natuurlike oorsake, die aard van die siekte vir sover dit vasgestel is en, indien 'n mediese praktisyn 'n getuie was by die betrokke geregtelike doodsondersoek, ondersoek of summiere verhoor, soos deur sodanige mediese praktisyn beskryf.

(b) In die geval van dood weens onnatuurlike oorsake—

(i) indien moontlik, of die besering wat die dood veroorsaak het, per ongeluk toegedien is of met die doel om te vermoor of selfmoord te pleeg;

(ii) die aard van die besering;

(iii) die middel waardeur of instrument waarmee die besering toegedien is en die besondere omstandighede, as daar is, waaronder die besering opgedoen is (bv. of die dood deur masjinerie veroorsaak is of die gevolg is van 'n ongeluk waarin 'n motorvoertuig betrokke was of, indien die dood deur brandwonde of skroeiwonde veroorsaak is, die omstandighede waaronder en die wyse waarop dit opgedoen is of, indien die dood deur gif veroorsaak is, die naam van die gif of, indien die dood deur verdrinking veroorsaak is, onder watter omstandighede); en

(iv) indien die lyk van die persoon nie gevind is nie, die woorde "Lyk nie gevind nie".

(2) 'n Polisiebeampte bedoel in artikel 13A (1) moet so gou doenlik die voorgeskrewe vorm in verband met voorlopige besonderhede ten opsigte van 'n persoon wat vermoedelik aan ander oorsake as natuurlike oorsake gesterf het, in drievoud invul en een van die ingevulde vorms by sy rekords hou en die ander twee stuur aan die landdros van die distrik waarin die sterfgeval voorgekom het.

(3) By ontvangs van die ingevulde vorms bedoel in subregulasie (2) en behoudens die bepalings van artikel 13A (2) moet die landdros aan die distriksgeneesheer of 'n ander mediese praktisyn opdrag gee om ondersoek in te stel na die oorsaak van oorlyde, en die oorsake van oorlyde soos deur die distriksgeneesheer of ander mediese praktisyn bevind, aanteken op die sertifikaatgedeelte van daardie vorms wat daarvoor voorsiening maak, en een van die sodanig ingevulde vorms by sy rekords hou en die een gee aan òf 'n persoon wat kragtens die Wet verplig is om kennis betreffende die oorlyde te gee òf die begrafnisondernemer of ander persoon wat die lyk moet begrawe.

(4) Die persoon of begrafnisondernemer bedoel in subregulasie (3) moet die ingevulde vorm wat die landdros aan hom oorhandig het, lewer aan die registrateur of assistent-registrateur van die gebied waar die sterfgeval plaasgevind het.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) On receipt of the completed form referred to in subregulation (3) the registrar or assistant registrar shall act according to the provisions of section 22 (2).

(6) If the cause of death cannot be determined by the district surgeon or other medical practitioner, or the magistrate is of the opinion that an inquest should be held, the provisions of section 22 (3) shall *mutatis mutandis* be applicable.

(7) The registrar or assistant registrar shall forward the completed death register together with the form referred to in subregulation (3) to the regional representative or district representative of Home Affairs in whose area his office is situated: Provided that if the cause of death is still being investigated, the following note shall be made in the population register opposite the entry "Cause of death":

"Death due to unnatural causes—provisional notice"

(8) After the recording of the said particulars in the population register a certificate of the particulars of death included in the population register may be issued as prescribed by the Minister under and by virtue of the powers vested in him by section 20 (1) (b) of the Identification Act, 1986 (Act 72 of 1986): Provided that if the cause of death is still being investigated, the aforementioned certificate shall, for the purposes of these regulations, be deemed to be a provisional death certificate.

***Weekly returns of births, still-births and deaths that occurred in hospitals, maternity homes, nursing homes and similar institutions***

17. (1) The person in charge of any hospital, maternity home, nursing home or similar institution shall, when called upon to do so, furnish the registrar of the district or area in which such institution is situated with a weekly return of all births, still-births and deaths that occurred in such institution.

(2) Such a return shall show—

(a) in the case of a birth or a still-birth, the date thereof and the name and address of the mother; and

(b) in the case of a death, the date of such death, the full names and the identity number of the deceased or, if the identity number is not available, his date of birth.

***Burial register***

18. The custodian or person having the charge or control of any burial-place shall enter in the burial register prescribed by section 14 of the Act, in addition to any other particulars which may be required by any local authority, the full names and surname, sex, last known address, population group, date of death, date of burial, cause of death of the deceased and the date and place of issue of the burial order, or if no burial order is produced, the name and address of the clergyman who conducted the funeral or of the undertaker.

***Completion of forms, registers and certificates***

19. (1) All the particulars on any form, register, certificate or other document shall be written out in full without abbreviations and may be typewritten or written by hand. Provided that any date, unless otherwise stated, may be written in full in figures.

(2) In the case of an informant who cannot read or write, his thumb-print, which has to be verified by a witness, may be taken.

(5) By ontvangs van die ingevulde vorm bedoel in subregulasie (3) moet die registrateur of assistent-registrateur ooreenkomstig die bepalings van artikel 22 (2) handel.

(6) Indien die oorsaak van oorlyde nie deur die distriksgeneesheer of ander mediese praktisyn bepaal kan word nie, of die landdros van mening is dat 'n geregtelike doodsondersoek gehou moet word, is die bepalings van artikel 22 (3) *mutatis mutandis* van toepassing.

(7) Die registrateur of assistent-registrateur moet die ingevulde sterfteregister tesame met die vorm bedoel in subregulasie (3) stuur aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sy kantoor geleë is: Met dien verstande dat indien die oorsaak van oorlyde nog ondersoek word, teenoor die inskrywing "Oorsaak van dood" in die bevolkingsregister die volgende aantekening gemaak moet word:

"Dood weens onnatuurlike oorsake—voorlopige kennisgewing"

(8) Na aantekening van bedoelde besonderhede in die bevolkingsregister kan 'n sertifikaat van die sterftebesonderhede vervat in die bevolkingsregister uitgereik word soos voorgeskryf deur die Minister kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 20 (1) (b) van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet 72 van 1986): Met dien verstande dat indien die oorsaak van dood nog ondersoek word, voormelde sertifikaat vir doeleindes van hierdie regulasies geag word 'n voorlopige sterftesertifikaat te wees.

***Weeklikse opgawes van geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle wat in hospitale, kraam- of verpleeginrigtings en soortgelyke inrigtings plaasgevind het***

17. (1) Die persoon in beheer van enige hospitaal, kraam- of verpleeginrigting of soortgelyke inrigting moet, wanneer dit van hom verlang word, aan die registrateur van die distrik of gebied waarin sodanige inrigting geleë is, weekliks 'n opgawe van alle geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle wat in sodanige inrigting plaasgevind het, verstrek.

(2) In sodanige opgawe moet die volgende besonderhede verstrek word:

(a) In die geval van 'n geboorte of doodgeboorte, die datum daarvan en die naam en adres van die moeder; en

(b) in die geval van 'n sterfgeval, die datum daarvan, die volle name en die identiteitsnommer van die oorledene of, indien die identiteitsnommer nie beskikbaar is nie, sy geboortedatum.

***Begrafnisregister***

18. Die bewaarder van, of die persoon wat belas is met die toesig of beheer oor 'n begraafplaas, moet in die begrafnisregister voorgeskryf by artikel 14, benewens enige ander besonderhede wat deur 'n plaaslike owerheid verlang word, die volle voorname en van, geslag, laasbekende adres, bevolkingsgroep, sterfdatum, begrafnisdatum en oorsaak van dood van die oorledene en die datum en plek van uitreiking van die begrafnisorder of, as geen begrafnisorder getoon is nie, die naam en adres van die predikant wat die begrafnis gehou het of van die begrafnisondernemer inskryf.

***Invul van vorms, registers en sertifikate***

19. (1) Al die besonderhede op enige vorm, register, sertifikaat of ander dokument, moet volledig sonder afkortings uitgeskryf word, en kan getik of met die hand geskryf word: Met dien verstande dat enige datum, tensy anders bepaal, volledig met syfers geskryf kan word.

(2) In die geval van 'n aangewer wat nie kan lees of skryf nie, mag sy duimafdruk geneem word, wat deur 'n getuie bevestig moet word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) Every registrar, assistant registrar, justice of the peace or police officer to whom a register is submitted or in whose presence a register is completed or signed, shall in every case endeavour to obtain the usual signature of the informant, even though in foreign script (Hebrew, Arabic, etc.).

(4) When such signature is in foreign script or cannot be read with certainty, the name represented by such signature shall be written in block letters underneath or above such signature by the person who completes the register.

20. No person shall issue or sign a birth certificate, proof of registration of a birth, burial order, removal order or death certificate, as the case may be, in respect of a birth, still-birth or death of which he is the informant.

***Supplementations, amendments and corrections of certificates and registers***

21. Any supplementation, amendment and correction of certificates and registers shall be done in terms of the directions issued by the Director-General in terms of regulation 2 (f).

***Returns received in terms of section 189 of the Merchant Shipping Act, 1951***

22. (1) Any registrar shall include with the registers which, on the last working day of every week are forwarded by him to the regional representative or district representative of Home Affairs in whose area such registrar's office is situated, a return received in terms of section 189 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951).

(2) If such return relates to a birth the registrar shall issue a proof of registration of birth or a certificate of particulars of birth in terms of regulation 3 (c) and deliver it to a parent of the child.

(3) If such return relates to a death the registrar shall issue a death certificate on the prescribed form and deliver it to the informant.

***Burial orders and removal orders***

23. (1) A burial order or a removal order, referred to in the various sections of the Act shall be issued on the forms prescribed by the Director-General in terms of regulation 2 (d).

(2) Subject to the provisions of regulation 8 (3) no removal order shall be issued in terms of section 29 of the Act unless the register in respect of the death of the deceased whose body is to be removed has been duly completed and handed to the registrar, assistant registrar or police officer, as the case may be.

***Completion of marriage registers***

24. (1) A marriage officer, the parties to a marriage and two witnesses shall sign a register referred to in section 40 of the Act on the prescribed form and on two copies thereof.

(2) After the signing of such register the marriage officer shall complete a marriage certificate in respect of the marriage on the prescribed form and hand it to the parties. The subsequent issue of marriage certificates shall be done only be the Director-General: Provided that if the particulars on the said register have been recorded in the population register, a certificate of the particulars of marriage included in the population register may be issued as prescribed by the Director-General.

(3) Any marriage officer shall keep safe and preserve all forms, registers and marriage certificates supplied to him and all completed registers and other documents in his possession.

(3) Elke registrateur, assistent-registrateur, vrederegter of polisiebeampte by wie 'n register ingedien word, of in wie se teenwoordigheid 'n register ingevul of geteken word, moet in elke geval probeer om die gewone handtekening van die aangewer te verkry, al is dit in 'n vreemde skrif (Hebreeus, Arabies, ens.).

(4) Wanneer sodanige handtekening in 'n vreemde skrif is of nie met sekerheid gelees kan word nie, moet die naam wat deur die handtekening aangedui word, met blokletters bo of onder sodanige handtekening geskryf word deur die persoon wat die register invul.

20. Niemand mag ten opsigte van 'n geboorte, doodgeboorte of sterfgeval waarvan hy die aangewer is, 'n geboortesertifikaat, bewys van registrasie van geboorte, begrafnisorder, verwyderingsorder of sterftesertifikaat, na gelang van die geval, uitreik of onderteken nie.

***Aanvullings, wysigings en verbeterings op sertifikate en registers***

21. Enige aanvulling, wysiging en verbetering op sertifikate en registers word aangebring ingevolge die voorskrifte uitgereik deur die Direkteur-generaal ingevolge regulasie 2 (f).

***Opgawes ontvang uit hoofde van artikel 189 van die Handelskeepvaartwet, 1951***

22. (1) 'n Registrateur moet 'n opgawe uit hoofde van artikel 189 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), ontvang, insluit by die registers wat hy op die laaste werksdag van elke week stuur aan die streek- of distriksverteenwoordiger van Binnelandse Sake in wie se gebied sodanige registrateur se kantoor geleë is.

(2) Indien sodanige opgawe betrekking het op 'n geboorte moet die registrateur ingevolge regulasie 3 (c) 'n bewys van registrasie van geboorte of 'n sertifikaat van geboortebesonderhede uitreik en aan 'n ouer van die kind besorg.

(3) Indien sodanige opgawe betrekking het op 'n sterfgeval moet die registrateur 'n sterftesertifikaat op die voorgeskrewe vorm uitreik en aan die aangewer besorg.

***Begrafnis- en verwyderingsorders***

23. (1) 'n Begrafnisorder of 'n verwyderingsorder in verskillende artikels van die Wet bedoel, word uitgereik op die vorms deur die Direkteur-generaal ingevolge regulasie 2 (d) voorgeskryf.

(2) Behoudens die bepalings van regulasie 8 (3) mag geen verwyderingsorder kragtens artikel 29 van die Wet uitgereik word nie tensy die register ten opsigte van die dood van die oorledene wie se lyk verwyder moet word, behoorlik ingevul en aan die registrateur, assistent-registrateur of polisiebeampte, na gelang van die geval, oorhandig is.

***Invul van huweliksregisters***

24. (1) 'n Huweliksbevestiger, die partye tot 'n huwelik en twee getuies moet 'n register in artikel 40 van die Wet bedoel, op die voorgeskrewe vorm en twee duplikate daarvan onderteken.

(2) Na die ondertekening van sodanige register moet die huweliksbevestiger 'n huweliksertifikaat ten opsigte van die huwelik op die voorgeskrewe vorm invul en aan die partye oorhandig. Die latere uitreiking van huweliksertifikate word alleenlik deur die Direkteur-generaal gedoen: Met dien verstande dat indien die besonderhede op bedoelde register in die bevolkingsregister aangeteken is, 'n sertifikaat van die huweliksbesonderhede vervat in die bevolkingsregister soos voorgeskryf deur die Direkteur-generaal uitgereik kan word.

(3) 'n Huweliksbevestiger moet alle vorms, registers en huweliksertifikate wat aan hom verskaf is en alle ingevulde registers en ander dokumente, terwyl hulle in sy besit is, in 'n veilige plek bewaar en in 'n goeie toestand hou.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) Where a marriage has been solemnized in terms of the Marriage Act, 1961 (Act 25 of 1961), but the marriage register referred to in section 40 of the Act has for some reason or other not been completed, the Director-General may after submission of such proof and after such enquiry as he may deem necessary, direct that the prescribed registers with regard to such marriage be completed.

***Certificates concerning still-births and deaths***

25. (1) A medical practitioner or a registered midwife shall, in terms of section 20 (1) furnish on the prescribed form a certificate concerning a still-birth.

(2) A person other than a medical practitioner or a registered midwife shall make a solemn declaration on the prescribed form in terms of section 20 (3).

(3) A medical practitioner shall, in terms of section 24, furnish on the prescribed form a certificate of the cause of death.

***Issuing of certificates***

26. The issue of certificates shall be done in accordance with the directions of the Director-General and on the forms issued and prescribed by him in terms of regulation 2 (d).

***Withdrawal of previous regulations***

27. The regulations published under Government Notice R. 1737 of 1 October 1971, as amended by Government Notices R. 922 of 27 May 1977, R. 290 of 15 February 1980, R. 6 of 2 January 1981 and R. 2005 of 25 September 1981, and the regulations published under Government Notice R. 2385 of 19 December 1975, as amended by Government Notices R. 850 of 16 April 1981 and R. 2422 of 6 November 1981, are hereby withdrawn.

(4) Waar 'n huwelik kragtens die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961), voltrek is, maar die huweliksregister bedoel in artikel 40 van die Wet om die een of ander rede nie ingevul is nie, kan die Direkteur-generaal na voorlegging van sodanige bewys en na sodanige ondersoek as wat hy nodig ag, gelas dat die voorgeskrewe registers ten opsigte van sodanige huwelik ingevul word.

***Sertifikate aangaande doodgeboortes en sterfgevalle***

25. (1) 'n Mediese praktisyn of 'n geregistreerde vroedvrou moet ingevolge artikel 20 (1) 'n sertikaat aangaande 'n doodgeboorte verstrek op die voorgeskrewe vorm.

(2) 'n Ander persoon as 'n mediese praktisyn of 'n geregistreerde vroedvrou moet 'n plegtige verklaring ooreenkomstig artikel 20 (3) op die voorgeskrewe vorm doen.

(3) 'n Mediese praktisyn moet ingevolge artikel 24 'n sertifikaat aangaande die oorsaak van oorlyde verstrek op die voorgeskrewe vorm.

***Uitreiking van sertifikate***

26. Die uitreiking van sertifikate geskied ooreenkomstig die voorskrifte van die Direkteur-generaal en op die vorms ingevolge regulasie 2 (d) deur hom voorgeskryf.

***Herroeping van vorige regulasies***

27. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1737 van 1 Oktober 1971, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 922 van 27 Mei 1977, R. 290 van 15 Februarie 1980, R. 6 van 2 Januarie 1981 en R. 2005 van 25 September 1981, en die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2385 van 19 Desember 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 850 van 16 April 1981 en R. 2422 van 6 November 1981, word hierby herroep.


**THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH**

The Onderstepoort Journal of Veterinary Research is printed by the Government Printer, Pretoria, and is obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, 0001, to whom all communications should be addressed.

This publication is a continuation of the Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal which date back to 1903 and of which 18 have appeared up to 1932. These were followed by 52 volumes of the Onderstepoort Journal. At present each volume comprises four numbers which are obtainable from the above address at R5 per copy or R20 per annum plus GST local or other countries R6,25 per copy or R25 per annum (air mail: R10 per copy or R40 per annum).

Directors of laboratories etc. desiring to exchange publications are invited to communicate with the Director, Veterinary Research Institute, P.O. Onderstepoort, 0110, Republic of South Africa.

**THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH**

Die "Onderstepoort Journal of Veterinary Research" word deur die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en is verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, 0001, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die "Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal" wat terugdateer tot 1903 en waarvan 18 verskyn het tot 1932. Dit is gevolg deur 52 volumes van die "Onderstepoort Journal". Tans bestaan elke volume uit vier nommers wat teen R5 per kopie of R20 per jaar plus AVB binnelands en R6,25 per kopie of R25 per jaar buitelands van bogenoemde adres posvry verkrygbaar is (lugposbestellings: R10 per kopie of R40 per jaar).

Direkteure van laboratoriums ens. wat begerig is om publikasies om te ruil moet in verbinding tree met die Direkteur, Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Pk. Onderstepoort, 0110, Republiek van Suid-Afrika.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# Please keep our country, South Africa, clean!



# Help om ons land, Suid-Afrika, skoon te hou!

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **Home Affairs, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 2206 | Births, Marriages and Deaths Registration Act (81/1963): Regulations | 1 | 10499 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staats-koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Binnelandse Sake, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 2206 | Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle (81/1963): Regulasies | 1 | 10499 |


Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

10499—1